Towerlantern Fotografie

fotografienuus

augustus 2021

Maalkolk

Lensopening: f2,8; Sluiterspœd: 1/500 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Ons is by die maand Augustus. En dié maand bring die boodskap: die winter is aan die verbygaan, die lente aan die kom. Laat dié wete jou vrolik maak – ook wat jou fotografie betref. Sien die veranderings in die opkoms- en ondergaantyd van die son raak, ook affodille wat begin blom en namakwalandse madeliefies wat kleur bring.

Ons tema vir Augustus is water, in al sy voorkomste. En omdat almal elke dag met water te dœn het, is dit 'n maklike fototema. Ons gesels verderaan oor water en gee ook riglyne vir die fotografering daarvan.

Ons het onlangs bewus geword van die instansie, *Karoo Blessings*, Merweville, wat met die maak van nougat-lekkers uitreik na bœre in hul droogtegeteisterde omgewing. Lizelle Lötter is die fotograaf wat foto's vir dié besigheid geneem het. Lees haar besondere beskrywing, getiteld *Om die storie te vertel*.

Pieter Labuschagne het 'n passie vir fotografie en liefde vir voëls. Lees in *Voëlfotografie* hœ hy dié sake uitleef.

Geniet hierdie uitgawe van *Fotografienuus*.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Waar water is, is daar lewe. En fotografies beskou, kan alle fotograwe daarmee saamstem. Water kom in soveel vorms voor dat daar altyd nog weer nuwe foto-geleenthede opduik.

Die voorbladfoto toon so 'n foto-geleentheid wat sommer net opgeduik het. Die water is dié van die Potchefstroomse Mooirivier. Die foto wys klein maalkolkies by 'n klipperige keerwal. Onbeplan – totdat dit opgemerk word en daar keer op keer weer daarnatœ teruggegaan word.

Lydia le Roux, een van ons fotovriende, sê oor dié verskynsel by fotograwe die volgende: "Daar is mense wat nie verstaan waarom fotomense versadig-tevrede vœl oor nóg 'n mooi foto nie. ... Jy het dan alreeds 'n 1000 of meer van dieselfde geneem. Hierdie verslawing is só lekker, en môre hou die belofte in van nóg 'n meesterstuk. Daar is 'n foto oral, jy hœf net te KYK."

Kyk dus, en sœk foto's om jou. Wat die voorbladfoto betref, let op na die sluiterspœd wat gebruik is, naamlik 1/500 sekonde. Omdat dit 'n vinnige sluiterspœd is, sorg dit dat die kolke skerp vasgevang word. Ter wille van meer trefkrag is die foto ook effens verhelder.

Water in al sy voorkomste

Vatnajökull-gletser, Ysland

1 Water op aarde kom in verskeie vorms voor, waaronder waterdamp en wolke in die lug, riviere en gletsers op die grond en branders en ysberge in die see.

2 Deur *verdamping*, *neerslag* en *afloop* verander water voortdurend van een vorm na die ander. Dit staan bekend as die watersiklus.

3 Die gelyktydige bestaan van die vaste-, vloeistof- en gasvorm van water op aarde was, en is, noodsaaklik vir die ontstaan, ontwikkeling en die voortgesette bestaan van lewe op aarde.

4 Die vorm van sneeuvlokkies word bestudeer deur die vorm daarvan te beskryf met behulp van wiskundige fraktaalteorie.

5 Ryp kom in verskillende variasies voor, waaronder witryp, swartryp en ruigryp (Engels: *hoar frost*).

6 Mœnie vergeet van wolke, reën, reënboë, riviere, watervalle, mere, geysers, warmwaterbronne, gletsers, ysberge nie.

7 Ysland bied besondere fotogeleenthede. Gaan op besœk aan die Vatnajökull-gletser, die grootste gletser in Europa. Mœnie vergeet van die Langjökull-, Mýrdalsjökull-, Eyjafjallajökull- en Sólheimajökull-gletser nie. Gaan beslis, al is dit dan net om te leer hœ om die gletsername uit te spreek.

LEES MEER:

https://af.wikipedia.org/wiki/Water
https://www.bookmundi.com/t/10-glaciers-in-iceland

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

Wenke
vir waterfotografie

- ✓ Besluit vooraf watter tipe gevœl jy met jou waterfoto wil oordra, byvoorbeeld skerp bewegende water (vinnige sluiterspœd) of wasig-bewegende water (stadige sluiterspœd).
- ✓ Besef dat water weerkaatsings kan veroorsaak. Dit kan gœd wees, of dit kan sleg wees vir fotodœleindes.
- ✓ Weet dat as die son helder op water weerkaats, jy die kamera se liniaal mœt gebruik om die korrekte liginstelling te kry. Jy kan ook 'n verdonkeringsfilter gebruik indien nodig.
- ✓ Onthou dat sonlig op water weerkaatsings en glansskynsels (Engels: *glare*) veroorsaak. Laasgenœmde kan verminder word deur die gebruik van 'n polariseringsfilter.
- ✓ Dœn die mœite om by die fotografering van ryp of sneeu verskillende instellings uit te tœts sodat jy wit ryp/sneeu kry en nie grys ryp/sneeu nie.
- ✓ Wees gereed vir alle weersomstandighede, soos op die foto wat op 'n koue wintersmiddag naby Dullstroom geneem is.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

RIGLYNE VIR WATERFOTOGRAFIE

MAAK VOORAF SEKER:

- ✓ Jy het 'n mooi watertoneel voor jou. (Kyk ons foto van 'n seetoneel, gefotografeer direk teen die son in.)
- ✓ Jy het die kamera op 'n driepoot opgestel.
- ✓ Jy maak gebruik van presisie-fokussering.

TIPE LENS

Enige tipe, afhangende van jou veldwydte-keuse.

FORMAAT

Landskapformaat sal die treffendste wees.

WITBALANS

Verkieslik sonnig.

LENSOPENING

Dit kan varieer. Vir die foto hierby is dit f32.

KEUSE VAN FOKUSPUNT

Kies 'n ver fokuspunt, byvoorbeeld die seehorison.

ISO

'n Læ ISO-waarde, byvoorbeeld 100.



Sonsak

SLUITERSPOED

Maak aanvanklik gebruik van die liniaal-instelling van die kamera, maar varieer dan verder om later 'n beste keuse per rekenaar te kan maak. Hou in hierdie proses die kameraposisie onveranderd.

FYN FOKUSSERING

Maak weer seker van die fokussering.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

OPMERKINGS OOR DIE SONSAK-FOTO

Let op na die volgende sake in die sonsak-foto:

- ✓ Dit lyk asof die foto links onderbelig is. Dit kan nie verhelp word nie weens die helderheid van die son aan die regterkant.
- ✓ Die sonweerkaatsing op die water gee atmosfeer aan die toneel.
- ✓ Die ligstrepe van die son gee ook atmosfeer aan die foto.
- ✓ Die lenskol in die foto kan nie verhelp word nie. Dit is 'n weerkaatsing van die son teen die binnekant van die lensstelsel. Mœt nooit soiets kunsmatig insit nie; jou meetkunde mag jou dalk verraai!
- ✓ Die horison is horisontaal. Mœt nooit tevrede wees met selfs net 1 graad af van horisontaal nie. Draai die foto reg, en meet op jou rekenaarskerm met 'n liniaal dat dit ewewydig is aan die skermrand.
- ✓ As jy 'n skewe horison wil hê, dœn dit dan – maar dan 20 of 30 grade skeef. Daar is net een geval waar jy 'n effens skewe seehorison mag gebruik, en dit is wanneer jy die illusie wil skep dat jy op jou skeepsreis seesiek was.

Om die storie te vertel ...

LIZELLE LÖTTER

Ek het jare terug vir Suzaan van *Karoo Blessings* ontmoet en kon myself verkyk aan hoe sy die lewe aanpak. Sy woon in Merweville en op daardie stadium was ek in Stellenbosch. Ek het meer onlangs gehoor hoe Suzaan 'n nougat-besigheid in die middel van hul plaas se grootste droogte, en te midde van Covid-19, koop. Ek wou so graag as fotograaf deel in die merkwaardige storie ...

Ek het 'n troue in Ladismith afgeneem en het besluit dit is my kans om sommer deur te skiet Merweville toe. Ek bel vir Suzaan en sy is in verwondering – die spesifieke dag kon nie meer perfek wees vir haar en Marian nie. Hulle was besig om die eerste *batch* nougat te maak en dit was NET voor hulle die produk wou bekendstel – hulle het die foto's broodnodig gehad.

Ons het besluit om dit in 3 dele af te neem:

- Bietjie rondom die droogte in die distrik. (Ons het Suzaan se man, André, op die plaas afgeneem wat die skape voer.)
- Die proses, asook die finale produk.
- En natuurlik vir Suzaan en Marian self.

Terwyl ek hulle afneem, vra ek vir Suzaan om op te kyk ... amper soos in 'n gebed. Haar oë het vol dankbare trane geskiet; dit lees as "sag en gedetermineerd" op die foto's.

Om tyd te maak om mense se stories te hoor, kan net 'n aanwins wees wanneer jy hul foto's neem. Jy gee aandag en tel klein goedjies op wat nie andersins moontlik sou wees nie.

Suzaan spot en sê dat die foto's hulle produk so goed laat verkoop het aan die begin. En dit is waar, die *stories* verkoop 'n produk. Dit is wat die konneksie bring. Daar is soveel mooi verhale van hoop. Vertel hulle met jou foto's.

Towerlantern Fotografie
– augustus 2021 –

Vir verdere inligting: *Soete seëninge.*
Weg! Platteland, Winter 2021-uitgawe.

VIR DIE *Pret*

Ons woord “kamera” kom van die Latynse uitdrukking *camera obscura*, wat beteken *donker kamer*. En dit is presies wat jou kamera is; of, om dit beter te visualiseer, dink aan ’n outydse bokskamera. So ’n kamera was eintlik maar net ’n kamer met ’n lensgaatjie, soos die skets wys.



Projeksie in gaatjiekamera (Researchgate.net)

Sluiterspœd: 20 minute · Ewan McGregor - Own work [1], CC BY-SA 3.0, https://commons.wikimedia.org/wiki/File:LongExposurePinhole.jpg

Vandag nog is daar fotograwe wat hulself vermaak met allerlei outydse kamerategnieke. Een so ’n tegniek is ’n gaatjiekamera (Engels: *pinhole camera*), en dit is, eenvoudig gesê, niks anders nie as ’n boks met ’n gaatjie in.

Lees meer oor dié tipe fotografie by die onderstaande adres en wees verstom watter besondere foto’s met ’n gaatjiekamera geneem kan word (natuurlik met ’n film in om die beeld vas te vang).

Adres: https://en.wikipedia.org/wiki/Pinhole_camera

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

PIETER LABUSCHAGNE

Voëlfotografie

Ek is mal oor die *National Geographic*-kanaal en verkyk my aan David Attenborough se asemrowende programme en fotografie van die diereryk. Dit is daar waar ek my inspirasie gekry het om hierdie stokperdjie te begin.

Lepelaars

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

My doel met voëlfotografie is om voëls in hul natuurlike omgewing vas te lê op daardie splitsekonde wanneer alle toestande gunstig is vir 'n perfekte foto wat ook 'n storie vertel.

Dit is 'n baie opwindende maar ook uitdagende tipe fotografie. 'n Voël-fotograaf het nie die voordeel of luuksheid van 'n ateljee met perfekte beligting, agtergrond en 'n onderwerp wat jy 100% kan bestuur en beheer nie.

Die bevrediging is wel baie groot wanneer ek foto's aflaai op my rekenaar en sukkel om my beste foto's uit te kies uit 1400 foto's van die kleurvolle Troupant.

Vir my as voëlfotograaf is van die grootste frustrasies die volgende:

- Natuurlike perfekte beligting is beperk.
- Voëls is moeilik om skerp in fokus te kry.
- Voëls is te ver of te naby om af te neem.
- Die "modelle" speel nie altyd saam nie.
- Tærusting is nie toepaslik of reg ingestel nie.

Daar is 'n paar dinge wat ek oor die jare geleer het en riglyne wat ek volg wat van my 'n beter voëlfotograaf gemaak het:

- Toepaslike tærusting, naamlik 'n kamera wat hoëspoedfoto's kan hanteer, die regte lense, die nodige kennis van my tærusting en hoe om dit suksesvol en vinnig toe te pas.
- Inligting oor die gewoontes en eienskappe van verskillende voëlspesies. Dit bepaal waar, wanneer en hoe ek voëls afneem.
- Die seisoene, somer en winter bepaal die beweging van ons trekvoëls soos die Swaeltjies en Sterretjies, om maar net een voorbeeld te noem.
- Ure se geduld is ook iets wat ek moes aanleer.

'n Passie vir fotografie en liefde vir voëls is saam 'n resep vir ure se pret en plesier. Moet net nie moed opgee nie; onthou, aanhouer wen.

Kleinstreepswael

Spookvoël

Towerlantern Fotografie

- augustus 2021 -

FOTO-idees

Idee 1: Mistige tonele

Staan vroeg op – moenie 'n misfoto mis nie. Pasop net vir te digte mis.



Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -



FOTO-idees

Idee 2: Abstrakte tonele

Speel met water – en met jou kamera – en neem abstrakte tonele af.



FOTO-idees

Idee 3: Kleurvolle waterskappe

Neem kleurvolle waterskappe af – al mœt jy die kleure self bietjie aanvul.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

FOTO-idees

Idee 4: Buitewêreldse watertonele

Skep buitewêreldse tonele met water en jou kamera.



Towerlantern Fotografie

- augustus 2021 -

TOWERLANTERN SE JAARLIKSE UITSTALLING

NUUS VANAF TOWERLANTERN

Soos verlede jaar wil Towerlantern weer die jaarlikse foto-uitstalling aanlyn doen. Die besonderhede is soos volg:

UITSTALWYSE: Youtube-aanbieding. DATUM: September 2021
UITSTALLERS: Enige fotograaf wat al van ons fotografiekursusse begin doen of afgehandel het.
FOTO-ONDERWERP: Alle genres.
KEURING: Stuur 5 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.
ONKOSTE: R150, eenmalig.
KEERDATUM: 15 Augustus 2021.
OPROEP: Begin nou reeds om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, soek uit, stoor dit en wees reg as daar 'n oproep vir die instuur van foto's kom.
BESPREKING: Die "plek" is nie beperk nie, maar dit word verwag dat jy so gou as moontlik sal bevestig dat jy belangstel.

Jy word hiermee uitgenooi om van jou foto's in te stuur.
Let net op na die keerdatum, 15 Augustus 2021.

Kyk by https://youtu.be/mfCJWGmFlpA na verlede jaar se aanlyn-uitstalling (2020 Foto-uitstalling Towerlantern Fotografie - YouTube).

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

Behind the scenes

Wil jy interessante foto's neem, maar het nie die toerusting daarvoor nie? Moenie moed verloor nie! Jy kan indrukwekkende foto's neem deur net bietjie kreatief te wees. Alhoewel hierdie aanbieding gemik is op videos, kan jy steeds inspirasie vir jou fotografie daaruit put. Kyk hierdie video op Facebook vir idees: https://bit.ly/3lmC63h



Word deel van Towerlantern se Fotovriende

Dit blyk dat baie van die studente van Towerlantern Fotografie na afloop van 'n kursus nog steeds vœl hulle wil aanhou foto's neem. Daarom het ons besluit om met 'n nuwe inisiatief te begin, naamlik om hulp aan te bied in die vorm van wat ons "Fotovriende" nœm.

Die werkwyse is dat daar maandeliks 'n foto-opdrag uitgestuur word wat gedœn en ingestuur mœt word. Dit word dan bestudeer en terugvœr word verskaf (in 'n groot mate soos wat die huidige kursusse tans verloop). Daar is ook geen kompetisie nie.

Hiermee word jy uitgenooi om aan dié saak deel te hê. Die meer gedetaileerde inligting is soos volg:

Beplanning: Alles is informeel. Jy kan aansluit vir 'n korter of langer tyd, wanneer jy wil – daar is geen voorskrif nie; ook geen fynskrif nie. Die idee is dat jy maandeliks foto-opdragte kry om uit te vœr.

Vereistes: 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

Aanvangsdatum: Die begindatum is die 1e van enige maand. Jy kan dus op enige tydstip begin. Daar is geen vaste tema nie – elke maand is op sy eie.

Werkwyse: 'n Opdrag word aan die begin van 'n kalender-maand gestuur. Die opdragfoto's, in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met hoogstens 5 foto's, mœt teen die 25e van die maand ingestuur wees. Evaluering sal binne die daaropvolgende 10 dæ gedœn word en aan almal gestuur word – sodat elkeen ook deel het aan die ander kommentare. So kan almal by almal leer.

Registrasie en fooi: Daar is drie registrasie-moontlikhede:

- ✓ Maandeliks: R50 per maand
- ✓ Kwartaalliks: R135 per kwartaal
- ✓ Jaarliks: R480 per jaar

Kontakpersoon en -adres: Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- augustus 2021 -

Die laaste woord ...

Fact or fiction: 1963 article predicted cell phones

Michæl Rozzen
19 Mei 2021

A social media post going around claims to show a 1963 newspaper article accurately predicting people would be able to carry a phone in their pocket in the future. It even features a picture of a woman holding something that resembles a modern flip-phone. It's real.
The article was published on April 18th, 1963 in the Mansfield, Ohio News Journal.
But predictions about cell phones got back much further than that. In 1926, Nicola Tesla predicted people would one day be able to communicate instantly with one another with devices that fit inside a vest pocket.

Bron:
https://www.10news.com/news/fact-or-fiction/fact-or-fiction-1963-article-predicted-cell-phones

20 Mansfield News-Journal Thursday, April 18, 1963

You'll Be Able To Carry Phone In Pocket In Future

Some day, Mansfielders will carry their telephones in their pockets.

Don't expect it to be available tomorrow, though.

Frederick Huntsman, telephone company commercial manager, says, "This telephone is far in the future — commercially."

★

Right now, it's a laboratory development and it's workable, allowing the carrier to make and answer calls wherever he may be.

Other telephones of the future includes a kitchen loud speaking telephone, and a visual image telephone.

The kitchen instrument can be used as a regular telephone, a loudspeaking phone if the housewife happens to be busy preparing a meal, or as an intercom station for the home.

The visual image telephone allows the parties to converse by way of a microphone and loud speaker while a miniature television camera transmits the image. The "TV phone" also will have a writer signature transmission system and a conversation tape recorder.

The new phones are being displayed at the Home and Flower Show at the Coliseum.

HOW ABOUT THIS? — Mrs. Jean Conrad, commercial representative of Mansfield Telephone Co. holds up the pocket - sized, wireless telephone which Mansfielders will some day carry with them. The phone is still in the development stage and "far in the future."